



Wanneer die dood intree ...

Beplanning rondom afsterwe is deel van finansiële beplanning. Wees paraat en weet wat gedoen moet word as 'n geliefde sterf.

Die dood kom meestal onverwags. Mense is dan geskok en “lam”, maar iemand moet inspring om die begrafnis of afskeidsdiens te reël. Geliefdes, vriende, werksmense en ander moet in kennis gestel word.

Planne vir jou afsterwe is deel van finansiële beplanning. Baie mense vermy dié gesprek, en dit bring groot onsekerheid mee wanneer iemand sterf. Ons almal behoort paraat te wees vir die dood en vooraf daarvoor te beplan sodat mense weet wat om te verwag en wat om te doen.

Daar is vele vrae, soos: Wat doen jy met die lyk as iemand tuis sterf? Hoe kry jy 'n verwyderingsbevel om die lyk terug te bring as dit in 'n ander dorp is? Wie moet van die afsterwe verwittig word? Is geld beskikbaar vir 'n begrafnis of verassingsdiens? Weet agtergeblewenes of die oorledene veras of begrawe wou word? Waar moet die oorledene begrawe word of wat gebeur met die as? Watter begrafnisondernemer is vir die afskeidsdiens getaak?

Die datum, tyd en plek vir die diens moet bepaal word en mense moet in kennis gestel word. Die predikant, orrelis en versings moet gereël word en iemand moet daarvoor betaal. Sekere mense moet gevra word om as draers van die kis op te tree. Die begrafnisbrief moet opgestel word. Iemand moet die bedankings doen. Sekere mense moet

genooi word na die diens, soos die werksmense. Verblyf moet gereël word vir diegene wat van ver kom.

Een van die belangrikste dinge is om die oorspronklike sterfertifikaat te bekom en te bewaar. Gewoonlik help die begrafnisondernemer daarmee. Soms is daar 'n nadoodse ondersoek as die persoon aan onnatuurlike oorsake gesterf het. Dit beteken dat die sterfertifikaat eers baie later uitgereik en die begrafnis eers later gehou kan word.

Die groot werk begin

Ná die afskeidsdiens, as almal huis toe is, begin die groot werk vir die weduwee of wewenaar:

- Waar is die testament, wat bepaal dit en wie is die eksekuteur?
- Waar is die polisdokumente en wat is die voordele?
- Watter invloed het die saamwoon- of huweliksbedeling ná die dood?
- Waar is al die nodige en relevante dokumente, soos motor-dokumente, vuurwapenlisensies, titelaktes van die woonhuis en plaasgrond, munisipale rekening, TV-lisensie, ID, trousertifikaat en huweliksvoorwaardekontrak, 'n egskieding se skikkingsooreenkoms, aandelesertifikate, die bankbesonderhede van lopende rekeninge, krediet- en debietkaarte, mediese fondse, selfoonrekeninge, kontrakte en ooreenkoms, trustaktes en magti-

gingsbriewe en finansiële state van ondernemings en trusts.

- Die boedel moet binne 14 dae aangemeld word.
- Kontant is dadelik nodig en kan op verskeie maniere verkry word, naamlik uit die beleggings van die oorlewende, uit spaargeld van die oorlewende, 'n bankier kan onder sekere omstandighede 'n lening toestaan, 'n lewenspolis kan uitbetaal word as die oorlewende die begunstigde is, 'n noodfonds van die oorlewende of 'n werkgewer moet aftreefondsuitbetalings reël om die oorledene se sakebedrywe te laat voortgaan as dit reg gestruktureer is.
- 'n Salarisinkomste.

As die oorledene alleeneienaar van 'n saak of boerdery was, word daardie bankrekeninge gevries, al het iemand anders tekenregte. Geld wat inbetaal word ná afsterwe, word gevries en geen geld kan uitbetaal word nie. Die oplossing vir dié probleem is dat die persoon vooraf 'n mede-eienaar(s) kry of die belange in 'n trust plaas. Dan kan die bank nie die bankrekening vries nie.

Dit is baie belangrik dat die weduwee of wewenaar sy/haar status by die departement van binnelandse sake verander na “ongetroud”, anders gaan dit 'n probleem wees om later die oorlewende se boedel te beredder.

Beplan deeglik

'n Holistiese boedelbeplanning is nodig met praktiese wenke oor hoe om sekere scenario's te bestuur. Dit behels dat bates en laste, polisse en beleggings, 'n uitvoerbare testament en trust(s), asook ondernemings se risiko's geïdentifiseer word om dit te sinchroniseer om te verseker dat alle scenario's gedek is.

Die hoofdoel hiervan is om te sorg vir genoeg kontant om die boedel af te handel en die afhanklikes daarna versorg is.

Dikwels moet ondernemings en boerderye onverwyld voortgaan ná die afsterwe van 'n sakeman of boer, maar daarvoor moet deeglik beplan word. Albei gades moet weet wat in die boerdery of ondernemings aangaan.

Hou die relevante dokumente byderhand in 'n kabinet en onthou om al die nodige kodes te kry sodat dié wat in die wolk gestoor is, ook beskikbaar is.

Hersien die holistiese boedelbeplanning minstens elke twee jaar, en vermy dit om borg te teken, want sodoende kom jou eiebates in gedrang.

Waarskuwing

Wanneer iemand te sterwe kom, word die bates van die oorledene die eksekuteur se verantwoordelikheid en niemand het die reg om enige bate te neem, te deel, te leen, te verkoop of weg te dra nie. Slegs die eksekuteur kan bates ná sy aanstelling, ingevolge die wense in die testament, aan erfgename toedeel.

“Stroppers” sal ingevolge die wet vasgevat en beboet word. Erfgename word aangeraai om “stroppers” by die eksekuteur en die meester van die hooggeregshof aan te meld.

Let ook op boedelkoste, wat kan insluit die eksekuteurs- en meestersgelde, belastings en uitstaande skuld. Dit sal bepaal hoeveel kontant beskikbaar moet wees. **LBW**

André Eloff (lid van Fisa) is 'n boedelbeplanner by Business & Legal Consultants.

NAVRAE: E-pos: andre@buslegal.co.za